


## Seep Hou Die Dinge In Gedagte.

Foto: dlt idees. April 2007



DIE bestanddele wat jy in jou seep gebruik, sal bepaal hoe die seep stol. Seep wat met diervette gemaak word, stol byvoorbeeld vinniger en is harder as seep met olyf- of sonneblomolie.

Daar is 'n paar belangrike dinge wat onthou moet word wanneer jy die dag seep begin maak.

Die eerste hiervan is geur.

Vlugtige olies is die maklikste en vinnigste manier om seep te geur.

Die een wat jy kies, hang af van die soort seep wat jy wil hê en waarvoor jy dit wil gebruik. Maar vind eers meer uit oor die gebruik van die olies voordat jy

daarmee eksperimenteer omdat dit die seep kan bederf as jy dit verkeerd gebruik.

Die tweede aspek is kleur. Die organiese bestanddele wat in die seepmaakproses gebruik word, gee die seep 'n pragtige, natuurlike kleur, maar daar is 'n paar maniere om 'n helderder kleur te kry.

Gewone deurskynende seep kan met koskleursel gekleur word, maar vir roomseep en koudgeprosesseerde seep moet jy natuurlike kleurstowwe, soos cayennepeper, borrie, kerriepoeier en kaneel gebruik. Onthou egter dat die natuurlike kleurstowwe op die seepbestanddele kan reageer en die kleur kan laat verander of verdof.

Die meeste handwerk winkels het ook spesiale vloeibare kleursel vir seep of jy kan stukkies gekleurde kerswas gebruik. Sommige seepmakers gebruik selfs stukkies vetkryt om hul seep te kleur. Wees egter versigtig vir te veel kleur, want dit kan afgee en jou handdoeke vlek.

Waarskuwing: Seepsoda moet uiters versigtig hanteer word aangesien dit baie sterk is en ernstige brandwonde kan veroorsaak. 'n Masker wat jou neus en mond toemaak, word ook aanbeveel.

Om jou oë te beskerm kan jy 'n veiligheidsbril opsit. Hou suurlemoen of asyn byderhand ingeval dit op jou vel spat - drup dit op die plek en spoel dit met water af

Toerusting en benodigdhede:

Gebruik artikels van plastiek of vlekvrystaal wat die hitte wat tydens die chemiese proses vrygestel word, kan hanteer. Hout en aluminium is nie geskik nie omdat dit op die chemiese stowwe kan reageer. Hier is 'n lys van benodigdhede:

Kombuis skaal, maatbekertjie van glas, maatlepels, groot vlekvrystaalpot, glasmengbak, tregter, skerp staalmes om die seep mee te sny, vlekvrystaalpel of plastiek spatula, ou handklitser, ou rasper, gietvorms van plastiek of silikoon, kossproei of kookolie om die vorms mee te smeer, medisynedrukker om die vlugtige olies mee by te voeg, ou handdoeke om die seep mee te bedek, kleefplastiek, rubberhandskoene, voorskoot, masker en veiligheidsbril en asyn of suurlemoen.

Bron: dit idees, April 2007.